MM 24

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE IN DIE ROSSLYNSE GRENSNYWERHEIDS-GEBIED IN 1970

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRETORIA
1971

001.3072068 HSRC
MM 24

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC MM24
Registernr./No. 21920/7

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

W.P. 809 7/69

21920/7

MM24

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE IN DIE ROSSLYNSE GRENSNYWERHEIDS=GEBIED IN 1970

deur

S.S. Terblanche B.A., B.Sc.
P. Hartman B.A.

000049140

2844363866

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING
DIREKTEUR : W. VERHOEF

PRETORIA
1971

001.3072068 HSRC MM 24
*044914*

# VOORWOORD

Die Instituut vir Mannekragnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing doen mannekragnavorsing ten opsigte van alle volksgroepe. Mannekragvraag- en -aanbodstudies is 'n belangrike deel van hierdie navorsing. Wat die Bantoe betref is voorlopig slegs aandag aan die aspek van werkgeleenthede gegee. Werkgeleentheidsopnames is ten behoewe van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in die Tuislande onderneem. Die ontplooiing van Regeringsbeleid maak dit 'n logiese verdere stap dat werkgeleentheidsopnames ook in die grensgebiede onderneem sal word. Sodanige opnames word nou ook op aanbeveling van die Advieskomitee vir Mannekragnavorsing waarop onder andere die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Bantoe-onderwys en Beplanning verteenwoordig is, onderneem.

Betroubare gegewens oor werkgeleenthede in die grensgebiede is vir beplanningsdoeleindes belangrik. Baie van die nywerhede is naby Bantoetuislande geleë en gegewens oor beroepsverspreiding en kwalifikasievereistes kan rigtinggewend wees vir nywerheidsontwikkeling in die Tuislande self. Verder kan die gegewens gebruik word as maatstaf vir die vordering wat met die beleid van nywerheidsdesentralisasie gemaak is.

Hierdie verslag oor die werkgeleenthede in die Rosslynse grensnywerheidsgebied is die eerste in 'n reeks wat mettertyd al die nywerhede in grensgebiede sal insluit.

Aan die Departement van Beplanning wat 'n lys van gebiede wat as grensgebiede beskou moet word, en aan al die nyweraars wat inligting verskaf het, 'n hartlike woord van dank.

PRESIDENT

INHOUD


| PARAGRAAF | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling | 1 |
| 1.2 | Omskrywing van begrippe | 2 |
| 1.3 | Metode | 3 |
| 2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSGROEPERING | 3 |
| 2.1 | Nywerhede soos in Rosslyn aangetref | 3 |
| 2.2 | Werkgeleenthede volgens nywerheidsgroepering en bevolkingsgroep | 4 |
| 3 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP | 6 |
| 3.1 | Werkgeleenthede volgens beroeps- en bevolkingsgroep | 7 |
| 3.2 | Mannekragtekorte | 9 |
| 3.3 | Gevulde poste | 10 |
| 3.4 | Werkgeleenthede volgens beroepsgroep en nywerheids=groepering | 12 |
| 4 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES | 13 |
| 5 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE | 16 |
| 5.1 | Groei in werkgeleenthede Junie 1969 - Junie 1970 | 16 |
| 5.2 | Groei in werkgeleenthede 1970-1973 | 17 |
| 6 | SLOT | 20 |



RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

13-2-1974

STANDKODE: 001.3072068 HSRC G ADM.

REGISTERNOMMER: 21920

7

# 1 INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Amptelik het Suid-Afrika se beleid om nywerhede op die grense tussen Blanke en Bantoegebiede te vestig, in 1960 sy beslag gekry deurdat sekere toegewings aan nyweraars ten opsigte van byvoorbeeld vervoerrebatte in goedgekeurde gebiede aangekondig is. Dr. H.F. Verwoerd het die aangeleent=heid egter reeds in 1950 in 'n toespraak genoem[1].

Die beleid was aanvanklik gemik op die skepping van werkgeleenthede vir Bantoe in die Tuislande en die stimulering van ontwikkeling in die Tuislande self. Algaande het egter 'n verbreding van die doelwitte ingetree. Die voorsitter van die Permanente Komitee verklaar in 'n toespraak dat dit nou gestel kan word "that the policy of industrial decentralisation is no longer applicable to the peripheries of the Bantu home=lands only ..."[2]. Die beleid kan dus vandag as 'n beleid van nywerheidsdesentralisasie beskou word. Volgens die Jaar=verslag van 1969 van die Permanente Komitee vir Nywerheids=vestiging bly die klem van die beleid egter die skepping van werkgeleenthede vir die Bantoe.

Betroubare gegewens oor werkgeleentheid in die grensge=biede is vir beplanningsdoeleindes noodsaaklik. Hierdie ver=slag handel oor 'n ondersoek in verband met die werkgeleenthede in 'n belangrike grensnywerheidsgebied naamlik Rosslyn, onge=veer 18 myl van Pretoria en aangrensend aan 'n deel van die Tswanatuisland.

Die ondersoek alhoewel volledig in sigself, moet ook as 'n verkenningstudie vir ander werkgeleentheidsopnames in die grensgebiede beskou word.

---

[1] POTGIETER, F.J. Die grensnywerheidskema in Suid-Afrika p. 1 (Referaat : 'n Konferensie van die Instituut vir die bevordering van Calvinisme).

[2] Op.cit., p. 8.

Die doel van hierdie ondersoek is om, met betrekking tot die Rosslynse grensnywerheidsgebied,

(a) die werkgeleenthede soos dit gedurende Junie 1970 bestaan het, volgens beroep en onderwyspeilvereistes te bepaal,

(b) inligting oor werkgewers se mening in verband met die moontlike groei in werkgeleenthede tot 1973, in te win.

## 1.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Die omskrywing van enkele begrippe is vir duidelikheids=halwe nodig.

### 1.2.1 Werkgeleenthede

Vir die doeleindes van hierdie verslag word werkgeleent=hede beskou as bestaande uit

(a) gevulde poste, dit is die getal werknemers en werkgewers wat self werk, plus

(b) ongevulde poste, dit wil sê die getal werknemers wat onmiddellik bykomend tot die in gevulde poste, in diens geneem kan word.

### 1.2.2 Grensgebied, grensnywerheidsgebied en grensgebiednywerheid

Vir die doeleindes van hierdie studie word die gebiede wat as sodanig deur die Departement van Beplanning aangedui word, as grensgebiede beskou. Soms bestaan die gebiede uit hele landdrosdistrikte en in ander gevalle uit 'n sekere deel van 'n landdrosdistrik.

In hierdie grensgebiede kom nywerhede voor. Hierdie nywerhede word grensgebiednywerhede genoem. In sommige van die grensgebiede word geproklameerde nywerheidsgebiede aange=tref. Hierdie geproklameerde nywerheidsgebiede (waarvan die nywerheidsgebied van Rosslyn 'n voorbeeld is) word as grensnywerheidsgebiede beskryf.


RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

## 1.3 METODE

Die opname van werkgeleentheid is tot die geproklameerde en reeds goedgekeurde nywerheidsgebiede van Rosslyn beperk. Alle werkgewers in die nywerheidsektor van die gebied is deur 'n veldwerker besoek en die verlangde inligting ten opsigte van sy onderneming is op 'n vraelys (kyk bylae A) ingevul. Behalwe in die geval van twee vraelyste, wat deur werkgewers ingevul is, is die vraelyste deur 'n veldwerker ingevul.

# 2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSGROEPERING

## 2.1 NYWERHEDE SOOS IN ROSSLYN AANGETREF

'n Indeling van nywerhede soos in die Rosslynse nywer=heidsgebied tydens die opname gevind, word in tabel 2.1 gegee. Hierdie indeling is gebaseer op die Standard Enterprise Clas=sification Manual van die Departement vir Statistiek.

TABEL 2.1
INDELING VAN NYWERHEDE IN DIE ROSSLYNSE NYWERHEIDSGEBIED

| Nywerheidsgroepering (Hoofgroep) | Aktiwiteit van ondernemings soos in Rosslyn aangetref |
|---|---|
| Tekstiel en leer | Verwerking van tekstielstowwe en kleuring daarvan |
| | Vervaardiging van swaardiens rubbermatte |
| | Vervaardiging van hoede |
| | Vervaardiging van leerprodukte |
| Hout | Saagmeulens, skaafwerk en ander houtwerk |
| | Vervaardiging van meubels en vaste toerusting, hoofsaaklik van hout |
| Papier | Vervaardiging van papier vir verpakking en kartonne |
| Chemikalieë | Vervaardiging van seeppoeier |
| | Polering van metale |
| | Vervaardiging van plastiese pype en toebehore |
| Minerale (nie-metaal) | Vervaardiging van porselein- en breekware |
| | Vervaardiging van strukturele kleiprodukte |
| | Vervaardiging van betonprodukte |
| Metaal | Vervaardiging van boukundige metaalprodukte |
| | Vervaardiging van metaalprodukte, masjinerie en toerusting uitgesluit |
| | Vervaardiging van landboumasjinerie en toerus=ting |
| | Vervaardiging van ander masjinerie en toerus=ting, elektriese produkte uitgesluit |
| | Vervaardiging van industriële elektriese masjinerie en toerusting |

21920

| | |
|---|---|
| | Vervaardiging van elektriese apparate en benodigdhede |
| | Vervaardiging van spoorwegtoerusting |
| | Vervaardiging van motorvoertuie |
| | Vervaardiging van kinderwaentjies |
| | Vervaardiging van meet- en kontroletoerusting |
| Ander | Verwerking van halfedelgesteentes |

## 2.2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSGROEPERING EN BEVOLKINGS= GROEP

Die totale getal werkgeleenthede in die Rosslynse grens= gebiede het in Junie 1970 op 9 961 te staan gekom.

'n Verdeling van dié werkgeleenthede volgens nywerheids= groepering en bevolkingsgroep word in tabel 2.2 weergegee.

TABEL 2.2
WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSGROEPERING EN BE= VOLKINGSGROEP

| Nywerheidsgroepering | | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| Tekstiel en leer | N | 115 | 5.4 | 924 | 11.8 | 1039 | 10.4 |
| | % | | 11.1 | | 88.9 | | 100 |
| Hout | N | 63 | 2.9 | 435 | 5.6 | 498 | 5.0 |
| | % | | 12.7 | | 87.3 | | 100 |
| Papier | N | 21 | 1.0 | 130 | 1.7 | 151 | 1.5 |
| | % | | 13.9 | | 86.1 | | 100 |
| Chemikalieë | N | 22 | 1.0 | 142 | 1.8 | 164 | 1.6 |
| | % | | 13.4 | | 86.6 | | 100 |
| Minerale (nie-metaal) | N | 121 | 5.7 | 1048 | 13.4 | 1169 | 11.7 |
| | % | | 10.4 | | 89.6 | | 100 |
| Metaal | N | 1793 | 83.9 | 5126 | 65.5 | 6919 | 69.5 |
| | % | | 25.9 | | 74.1 | | 100 |
| Ander | N | 2 | 0.1 | 19 | 0.2 | 21 | 0.2 |
| | % | | 9.5 | | 90.5 | | 100 |
| Totaal | | 2137 | 100 | 7824 | 100 | 9961 | 100 |
| % | | | 21.5 | | 78.5 | | 100 |

Die meeste werkgeleenthede, naamlik 6 919 (69.5 persent) word in die metaalproduktebedryf aangetref, gevolg deur 1 169 (11.7 persent) en 1 039 (10.4 persent) werkgeleenthede in respektiewelik die minerale- en tekstiel- en leerbedryf

Ongeveer een vyfde (21.5 persent) van al die werkgeleentheid is vir Blankes en die ander vir Nie-Blankes. Die meeste van die Nie-Blanke werkgeleenthede is vir Bantoe naamlik 99.6 persent. Hierdie persentasie is hoofsaaklik die gevolg van die groot getal werkgeleenthede in die metaalnywerheid waar die verhouding van Blanke tot Nie-Blanke werkgeleenthede ongeveer 1 tot 3 is. Die ander nywerheidsgroeperinge toon dat daar heelwat meer Nie-Blankes vir elke Blanke in diens geneem word, naamlik ongeveer 7 tot 8 Nie-Blankes vir elke Blanke.

Die groot getal werkgeleenthede wat in die metaalnywerheid voorkom, maak 'n fyner verdeling van werkgeleenthede in dié nywerheid wenslik en sodanige verdeling word in tabel 2.3 gegee.

TABEL 2.3

WERKGELEENTHEDE IN DIE METAALBEDRYF VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Nywerheidsgroepering (subgroep) | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Boukundige metaalprodukte | 178 | 9.9 | 441 | 8.6 | 619 | 8.9 |
| Metaalprodukte (nie-masjinerie) | 96 | 5.4 | 481 | 9.4 | 577 | 8.3 |
| Landboumasjinerie en -toerusting | 5 | 0.3 | 8 | 0.2 | 13 | 0.2 |
| Ander masjinerie en toerusting | 49 | 2.7 | 206 | 4.0 | 255 | 3.7 |
| Elektriese industriële masjinerie en toerusting | 20 | 1.1 | 93 | 1.8 | 113 | 1.6 |
| Elektriese apparate en benodigdhede | 49 | 2.7 | 191 | 3.7 | 240 | 3.5 |
| Spoorwegtoerusting | 2 | 0.1 | 6 | 0.1 | 8 | 0.1 |
| Motorvoertuie | 1394 | 77.7 | 3700 | 72.2 | 5094 | 73.6 |
| Totaal | 1793 | 100 | 5126 | 100 | 6919 | 100 |

Van die 6 919 werkgeleenthede wat in hierdie nywerheid voorkom, word die grootste getal werkgeleenthede, naamlik 5 094 (73.6 persent), in die motorvoertuigindustrieë aangetref.

Ongeveer 'n kwart, naamlik 1 825 (26.4 persent) van 6 919 werkgeleenthede word in die res van die metaalnywerheid aangebied. Die verdeling van Blankes onder die verskillende subgroepe verskil nie veel van die Nie-Blankes nie.

## 3 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

In tabel 3.1 word die beroepe wat in die Rosslynse nywerheidsgebied gedurende die opname aangetref is sowel as die beroepsgroepe waarin hulle ingedeel is, aangetoon.

TABEL 3.1

BEROEPE AANGETREF VOLGENS BEROEPSGROEP

| Beroepsgroep (hoofletters) en subberoepsgroep (kleinletters) | Beroepe aangetref in Rosslyn grens=gebied |
|---|---|
| PROFESSIONELE WERKERS | |
| Ingenieurs en verwante beroepe | Ingenieur |
| Verpleegsters en verwante be=roepe | Verpleegster, hulpverpleegster |
| Tegnici en tegniese assistente | Tegnikus (tekenaar, ingenieur- en laboratoriumtegnikus), tegniese assistent |
| Regsberoepe en rekenmeesters | Rekenmeester |
| Kunstenaars | Ontwerpkunstenaar |
| BESTURENDE EN UITVOERENDE WER=KERS | Sekretaris, bestuurder, werkende eienaar, tegniese bestuurder, ver=koopsbestuurder, personeelbestuurder, finansiële bestuurder |
| KLERKLIKE WERKERS | |
| Boekhouers ensovoorts | Boekhouer, rekenmeestersklerk. |
| Tiksters | Tikster, snelskriftikster |
| Kantoormasjienbedieners | Kantoormasjienbediener |
| Klerke | Klerk, stoorman |
| VERKOOPS- EN VERWANTE WERKERS | |
| Handelsreisigers | Handelsreisiger, koper |
| VERVOERWERKERS | |
| Padvervoerwerkers | Motorvoertuigbestuurder |
| Ander kommunikasiewerkers | Bode |
| WERKERS IN DIENSHOEDANIGHEID | Veiligheidsbeampte, nagwag |
| AMBAGSMANNE EN VAKLEERLINGE | |
| Ambagsmanne<br>Vakleerlinge<br>Nie-gekwalifiseerde ambagsmanne | Gekwalifiseerde en nie-gekwalifiseer=de ambagsmanne en vakleerlinge in die volgende ambagte:<br>(a) Metaal, Elektries en werktuigkun=dig<br>Passer en draaier, sweiser, elek=trisiën, motorwerktuigkundige, paneelklopper, verfsproeier, plaatmetaalwerker, gereedskapma=ker, ketelmaker<br>(b) Bou en meubel<br>Messelaar, timmerman, skrynwer=ker, loodgieter, meubelmaker, faktotum |

| | |
|---|---|
| | (c) Ander<br>Wewerambagsman, ambagsvoorman |
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WERKERS | Voorman, toesighouer, hyskraanoperateur, masjienoperateur, halfgeskoolde werker, assistent vir ambagsman, padwerker |
| ARBEIDERS | Arbeiders |

3.1 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPS- EN BEVOLKINGSGROEP

In tabel 3.2 word aangetoon hoe die 9 961 werkgeleenthede in die Rosslynse nywerheidsgebied volgens beroep- en bevolkingsgroep verdeel is.

TABEL 3.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP

| Beroepsgroep | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 162 | 7.6 | 8 | 0.1 | 170 | 1.7 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 156 | 7.3 | 1 | 0.01 | 157 | 1.6 |
| Klerklike werkers | 525 | 24.6 | 238 | 3.0 | 763 | 7.7 |
| Verkoops- en verwante werkers | 68 | 3.2 | - | | 68 | 0.7 |
| Vervoerwerkers | 5 | 0.2 | 186 | 2.4 | 191 | 1.9 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 26 | 1.2 | 130 | 1.7 | 156 | 1.6 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 668 | 31.2 | 790 | 10.1 | 1485 | 14.6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 509 | 23.8 | 1879 | 24.0 | 2388 | 24.0 |
| Arbeiders | 18 | 0.8 | 4592 | 58.7 | 4610 | 46.3 |
| Totaal | 2137 | 100 | 7824 | 100 | 9961 | 100 |
| % | | 21.5 | | 78.5 | | 100 |

Volgens tabel 3.2 is 84.9 persent van die 9 961 werkgeleenthede in drie beroepsgroepe naamlik ambagsmanne en vakleerlinge (14.6 persent) operateurs en halfgeskoolde werkers (24.0 persent) en arbeiders (46.3 persent) gekonsentreer. Die groep operateurs en halfgeskooldes sluit 238 Blanke en 168 Nie-Blanke voormanne in.

Baie min Nie-Blankes word in die beroepsgroepe professionele werkers, besturende en uitvoerende werkers en verkoopswerkers aangetref. In die res van die beroepsgroepe is Nie-

Blankes goed verteenwoordig met die klem veral op operateurs en halfgeskoolde werkers en arbeiders waarin saam net meer as 80 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes voorkom.

Vanweë die implikasies vir opleiding is dit opmerklik dat 790 van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes (10.1 persent) deur werkgewers as behorende tot die ambagsman- en vakleerling-groep beskou word.

TABEL 3.3
WERKGELEENTHEDE VOLGENS SUBBEROEPSGROEP VIR DIE AMBAGTE EN BEVOLKINGSGROEP

| Beroepe | Ambagsmanne | | Vakleerlinge | | Nie-gekwalifiseerde ambagsmanne | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blank | Nie-Blank | Blank | Nie-Blank | Blank | Nie-Blank | N | % |
| Passers en draaiers | 91 | - | 4 | - | - | - | 95 | 6.5 |
| Sweisers | 45 | - | - | - | 8 | 241 | 294 | 20.2 |
| Elektrisiëns | 30 | - | 1 | - | - | 44 | 75 | 5.1 |
| Motorwerktuigkundiges | 32 | - | - | - | - | 72 | 104 | 7.1 |
| Paneelkloppers | 33 | - | - | - | 19 | 79 | 131 | 9.0 |
| Verfsproeiers | 8 | - | - | - | 5 | 105 | 118 | 8.1 |
| Ketelmakers | 27 | - | - | - | - | - | 27 | 1.8 |
| Gereedskapmakers | 158 | - | 9 | - | - | - | 167 | 11.5 |
| Messelaars | 18 | - | - | - | 1 | - | 19 | 1.3 |
| Skrynwerkers | 33 | 4 | - | 13 | 1 | 4 | 55 | 3.8 |
| Loodgieters | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| Meubelmakers | 11 | 7 | - | - | - | - | 18 | 1.2 |
| Faktotum (Handymen) | 9 | - | - | - | 10 | 221 | 240 | 16.5 |
| Wewers | 1 | - | - | - | 1 | - | 2 | 0.1 |
| Ambagsmanne | 112 | - | - | - | - | - | 112 | 7.7 |
| Totaal | 609 | 11 | 14 | 13 | 45 | 766 | 1485 | 100 |
| % | 41.8 | 0.7 | 1.0 | 0.9 | 3.1 | 52.5 | 100 | |

Dit blyk uit tabel 3.3 dat die meeste van die Nie-Blanke ambagsmanne en vakleerlinge (766 van 790) nie-gekwalifiseerde ambagsmanne is. Die grootste groep van hierdie ambagsmanne is sweisers gevolg deur faktotums, met ander woorde algemene "handymen".

Van die 9 961 poste was 9 672 (97.0 persent) gevul terwyl slegs 289 (3.0 persent) ongevul was. Die getal ongevulde poste is natuurlik ook 'n aanduiding van die mannekragtekorte wat gedurende die opname bestaan het. In tabel 3.4 word aangetoon hoe hierdie gevulde en ongevulde poste oor die beroeps- en bevolkingsgroepe versprei is.

TABEL 3.4

GEVULDE EN ONGEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPS- EN BEVOLKINGSGROEP

(a) Blank

| Beroepsgroep | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 149 | 92.0 | 13 | 8.0 | 162 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 153 | 98.1 | 3 | 1.9 | 156 | 100 |
| Klerklike werkers | 512 | 97.5 | 13 | 2.5 | 525 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | 68 | 100.0 | - | | 68 | 100 |
| Vervoerwerkers | 5 | 100.0 | - | | 5 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 25 | 96.2 | 1 | 3.8 | 26 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 628 | 94.0 | 40 | 6.0 | 668 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 498 | 97.8 | 11 | 2.2 | 509 | 100 |
| Arbeiders | 18 | 100.0 | - | | 18 | 100 |
| Totaal | 2056 | 96.2 | 81 | 3.8 | 2137 | 100 |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 8 | 100.0 | - | | 8 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 100.0 | - | | 1 | 100 |
| Klerklike werkers | 226 | 95.0 | 12 | 5.0 | 238 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | - | | - | | - | |
| Vervoerwerkers | 182 | 97.8 | 4 | 2.2 | 186 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 130 | 100.0 | - | | 130 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 768 | 97.2 | 22 | 2.8 | 790 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 1778 | 94.6 | 101 | 5.4 | 1879 | 100 |
| Arbeiders | 4523 | 98.5 | 69 | 1.5 | 4592 | 100 |
| Totaal | 7616 | 97.3 | 208 | 2.7 | 7824 | 100 |

Tabel 3.4 toon dat die vakatures (ongevulde poste) in sommige beroepsgroepe relatief groter is as in ander. Wat die Blankes betref, word die grootste relatiewe tekort aan professionele werkers (8.0 persent van dié werkgeleentheid) ondervind. Daarna volg ambagsmanne en vakleerlinge (6.0 persent). Aangesien die meeste werkgeleenthede vir ambagsmanne en vakleerlinge is, is die tekort aan hierdie groep numeries die grootste. Van die tekorte word 65 persent (53 van 81) in dié twee beroepsgroepe gevind. Dit is duidelik dat die tekorte in die ander beroepsgroepe nie juis noemenswaardig is nie.

Wat die Nie-Blankes betref, kom die grootste tekorte (sowel numeries as in persentasie van werkgeleentheid) voor onder die operateurs en halfgeskooldes (101 of 5.4 persent van die werkgeleentheid). Daar bestaan ook vakatures vir 12 Nie-Blanke klerke sowel as 22 ambagsmanne.

Gesien in die lig van die algemeen gerapporteerde mannekragtekorte is die toestand in Rosslyn nie sorgwekkend nie. In Mannekragopname No. 8 van die Departement van Arbeid is die algemene tekorte byvoorbeeld in die omgewing van 5 persent wat Blankes betref en volgens die opnames van die Kamer van Nywerheid en die Handelsinstituut selfs hoër. Die bedingingsvermoë van hierdie nywerhede vir arbeid is dus skynbaar goed.

## 3.3 GEVULDE POSTE

In tabel 3.5 word aangetoon hoe die getal gevulde poste volgens beroepsgroepe en geslag verdeel is.

TABEL 3.5

BEVOLKINGSGROEPVERDELING VAN GEVULDE POSTE VOLGENS BE=
ROEPSGROEP EN GESLAG

(a) Blank

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 142 | 7.8 | 7 | 2.9 | 149 | 7.2 |
| Besturende en uitvoerende wer= kers | 151 | 8.3 | 2 | 0.8 | 153 | 7.4 |
| Klerklike werkers | 290 | 16.0 | 222 | 93.3 | 512 | 24.9 |
| Verkoops- en verwante werkers | 68 | 3.7 | - | | 68 | 3.3 |
| Vervoerwerkers | 5 | 0.3 | - | | 5 | 0.2 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 25 | 1.4 | - | | 25 | 1.2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 628 | 34.5 | - | | 628 | 30.5 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 491 | 27.0 | 7 | 2.9 | 498 | 24.2 |
| Arbeiders | 18 | 1.0 | - | | 18 | 0.9 |
| Totaal | 1818 | 100 | 238 | 100 | 2056 | 100 |
| % | 88.4 | | 11.6 | | 100 | |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 7 | 0.1 | 1 | 0.1 | 8 | 0.1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 0.01 | - | | 1 | 0.01 |
| Klerklike werkers | 208 | 3.2 | 18 | 1.6 | 226 | 3.0 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | | |
| Vervoerwerkers | 182 | 2.8 | - | | 182 | 2.4 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 130 | 2.0 | - | | 130 | 1.7 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 752 | 11.6 | 16 | 1.4 | 768 | 10.1 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 1625 | 25.0 | 153 | 13.7 | 1778 | 23.3 |
| Arbeiders | 3598 | 55.3 | 925 | 83.1 | 4523 | 59.4 |
| Totaal | 6503 | 100 | 1113 | 100 | 7616 | 100 |
| % | 85.4 | | 14.6 | | 100 | |

Volgens tabel 3.5 is daar relatief minder Blanke vroue as Nie-Blanke vroue in die Rosslynse nywerheidsgebied werksaam. Blanke vroue werk hoofsaaklik as klerke (93.3 persent) terwyl die Nie-Blanke vroue hoofsaaklik as arbeiders in diens geneem word (83.1 persent). Daar is egter reeds n groep Nie-Blanke vroue (153 of 13.7 persent) wat as operateurs of halfgeskoolde nywerheidswerkers in diens geneem is.

Die algemene indiensnemingspatroon volgens 'n beroeps= grondslag is vir mans, as gevolg van die groot persentasie mans in die arbeidsmag van Rosslyn, baie soos dié wat reeds in paragraaf 3.1 bespreek is. Daar kan net opgemerk word dat, in teenstelling met die toestand by Blankes, byna al die klerklike poste vir Nie-Blankes deur mans gevul word.

## 3.4 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSGROEPERING

In tabel 3.6 word 'n ontleding van die werkgeleentheid volgens beroepsgroep en nywerheidsgroepering gemaak.

TABEL 3.6

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSGROEPERING

| Beroepsgroep | Nywerheidsgroepering | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tekstiel | | Hout | | Papier | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 11 | 1.1 | 3 | 0.6 | 5 | 3.3 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 31 | 3.0 | 11 | 2.2 | 4 | 2.6 |
| Klerklike werkers | 51 | 4.9 | 8 | 1.6 | 21 | 13.9 |
| Verkoops- en verwante werkers | 2 | 0.2 | 4 | 0.8 | 1 | 0.7 |
| Vervoerwerkers | 11 | 1.1 | - | | 10 | 6.6 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 28 | 2.7 | - | | - | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 30 | 2.9 | 53 | 10.6 | - | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 402 | 38.7 | 9 | 1.8 | 57 | 37.7 |
| Arbeiders | 473 | 45.5 | 410 | 82.3 | 53 | 35.1 |
| Totaal | 1039 | 100 | 498 | 100 | 151 | 100 |

| Beroepsgroep | Nywerheidsgroepering (vervolg) | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Chemikalieë | | Minerale | | Metaal | | Ander | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 2 | 1.2 | 5 | 0.4 | 144 | 2.1 | - | | 170 | 1.7 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 5 | 3.0 | 9 | 0.8 | 96 | 1.4 | 1 | 4.8 | 157 | 1.6 |
| Klerklike werkers | 9 | 5.5 | 79 | 6.8 | 595 | 8.6 | - | | 763 | 7.7 |
| Verkoops- en verwante werkers | - | | 6 | 0.5 | 55 | 0.8 | - | | 68 | 0.7 |
| Vervoerwerkers | 4 | 2.4 | 17 | 1.5 | 149 | 2.2 | - | | 191 | 1.9 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 2 | 1.2 | 6 | 0.5 | 120 | 1.7 | - | | 156 | 1.6 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 3 | 1.8 | 12 | 1.0 | 1360 | 19.7 | - | | 1458 | 14.6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 9 | 5.5 | 215 | 18.4 | 1676 | 24.2 | 20 | 95.2 | 2388 | 24.0 |
| Arbeiders | 130 | 79.3 | 820 | 70.3 | 2724 | 39.4 | - | | 4610 | 46.3 |
| Totaal | 164 | 100 | 1169 | 100 | 6919 | 100 | 21 | 100 | 9961 | 100 |

Die belangrikste oogmerke met die beleid van nywerheids= desentralisasie is steeds werkverskaffing aan die Bantoe en in hierdie opsig sou die vestiging van arbeidsintensiewe nywerhede in die grensgebiede seker wenslik wees. Tabel 3.6 toon dat die beroepstruktuur in die verskillende nywerheids= groepe baie van mekaar verskil. Indien die persentasie arbeiders in 'n nywerheidsgroep as 'n aanduiding van arbeids= intensiwiteit beskou word, is dit duidelik dat sommige nywer= heidsgroepe meer arbeidsintensief is as ander. Hierdie verskynsel kan natuurlik die gevolg wees van die beroepsame= stelling van enkele groot nywerhede in die groep. So word die beroepstruktuur van die metaalnywerheid byvoorbeeld oor= heers deur die beroepsamestelling van die subgroep motorvoer= tuie, want 73.6 persent van die werkgeleenthede in die metaal= nywerheid kom by motorvoertuie voor (kyk tabel 2.3).

Uit tabel 3.6 blyk dat, volgens die norm van persentasie arbeiders, veral die chemikalieë- en houtnywerheidsgroepe as arbeidsintensief beskou kan word want in die groepe is die persentasie arbeiders onderskeidelik 79.3 en 82.3 persent in vergelyking met gemiddelde van 46.3 persent in al die nywer= heidsgroepe. Die papier- en metaalnywerheid is weer skynbaar hoogsgemeganiseerd aangesien slegs 35.1 en 39.4 persent van die werkgeleenthede in hierdie nywerheidsgroepe vir arbeiders is.

Die grootte van die nywerheid het ook 'n uitwerking op die beroepstruktuur. Uit die tabel blyk oor die algemeen dat hoe groter 'n organisasie wat betref indiensneming is, hoe meer gediversifiseerd is die beroepe wat beoefen word.

## 4 WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTES

Die term "kwalifikasievereiste" dui op die minimum kwalifikasie (soos deur die werkgewers vereis) waaroor 'n aspirant werknemer moet beskik om in 'n pos aangestel te word. Kwalifikasie verwys ook hoofsaaklik na die peil van formele opleiding wat bereik moet word. Wat ambagsmanne betref word die opleiding as ambagsman dus nie in berekening gebring nie alhoewel die opleiding in die spesifieke ambagsrigting natuurlik vereis word. Werkgewers i  gevra om ook die ideale

kwalifikasie waaroor 'n werknemer moet beskik, aan te dui. Die reaksie op hierdie vraag was egter sò swak dat daar nie oor gerapporteer word nie.

In tabel 4.1 word die kwalifikasievereistes volgens beroepsgroepe verstrek.

TABEL 4.1
WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE EN BEROEPSGROEP
(a) Blank

| Beroepsgroep | Geen | Tot St.5 | St.6 tot St.7 | St.8 en 9 | St.10 | B-graad | Ander | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | – | – | 6 | 34 | 93 | 27 | 2 | 162 | 7.6 |
| Besturende en uitvoerende werkers | – | – | – | 1 | 68 | 29 | 58 | 156 | 7.3 |
| Klerklike werkers | – | – | 11 | 171 | 339 | – | 4 | 525 | 24.6 |
| Verkoops- en verwante werkers | – | – | – | 4 | 60 | – | 4 | 68 | 3.2 |
| Vervoerwerkers | – | – | 2 | 3 | – | – | – | 5 | 0.2 |
| Werkers in dienshoedanigheid | – | – | 11 | 15 | – | – | – | 26 | 1.2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | – | – | 43 | 578 | 42 | – | 5 | 668 | 31.3 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | – | – | 220 | 242 | 11 | – | 36 | 509 | 23.8 |
| Arbeiders | – | – | 1 | 16 | – | – | 1 | 18 | 0.8 |
| Totaal | | | 294 | 1064 | 613 | 56 | 110 | 2137 | 100 |
| % | | | 13.8 | 49.8 | 28.7 | 2.6 | 5.1 | 100 | |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Geen | Tot St.5 | St.6 tot St.7 | St.8 en 9 | St.10 | B-graad | Ander | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | - | - | - | 7 | 1 | - | - | 8 | 0.1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | 0.01 |
| Klerklike werkers | - | - | 7 | 180 | 45 | - | 6 | 238 | 3.0 |
| Verkoops- en verwante werkers | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Vervoerwerkers | - | 110 | 21 | 9 | - | - | 46 | 186 | 2.4 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 28 | 54 | 42 | 6 | - | - | - | 130 | 1.7 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 292 | - | 107 | 101 | 9 | - | 281 | 790 | 10.1 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 1064 | - | 507 | 55 | 12 | - | 241 | 1879 | 24.0 |
| Arbeiders | 4193 | 204 | 106 | 1 | - | - | 88 | 4592 | 58.7 |
| Totaal | 5577 | 368 | 790 | 360 | 67 | - | 662 | 7824 | 100 |
| % | 71.3 | 4.7 | 10.1 | 4.6 | 0.9 | | 8.5 | 100 | |

Volgens tabel 4.1 word 'n kwalifikasievereiste van St.10 en hoër in 31.3 persent van die werkgeleenthede vir Blankes en 0.9 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes gestel. Die meeste van die werkers wat in die beroepsgroep professionele werkers geklassifiseer is en waarvoor 'n kwalifikasievereiste van laer as St.10 gestel is, is tegnici en tegniese assistente. Die kwalifikasievereiste "ander" verg 'n paar verduidelikende opmerkings. In die meeste van hierdie gevalle word ervaring van die werk deur die werkgewer vereis. By Blankes val meer as die helfte van die werkgeleenthede in dié kategorie dan ook by besturende en uitvoerende werkers waar werkgewers verklaar dat al vereiste is dat die persoon die werk moet kan doen. Die kwalifikasievereistes wat vir Blankes gestel word, is baie hoër as dié wat vir Nie-Blankes gestel word. So word vir 71.3 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes geen vereiste gestel nie en vir 4.7 persent enigiets tot en met St.5. Hierdie kategorie kom basies neer op 'n vereiste van 'n vermoë om te kan lees en te skryf. Vir Blankes word oor die algemeen minstens 'n St.6 of 7 as vereiste

gestel. Die beroepstruktuur van Blankes en Nie-Blankes is deels vir hierdie verskil in kwalifikasievereistes ver= antwoordelik. Die feit egter dat algemene skoolplig veroor= saak dat daar baie min Blankes sonder minstens 'n St.6 serti= fikaat tot die arbeidsmag toetree, speel ook 'n rol in die hoë kwalifikasievereistes wat werkgewers vir Blankes stel. Daar kan verwag word dat namate meer Nie-Blankes met skool= opleiding beskikbaar kom, werkgewers die kwalifikasievereistes ook sal verhoog.

Die verskille in kwalifikasievereistes spreek duidelik uit die klerklike beroepsgroep. Vir Nie-Blankes word St.8 in 75.6 persent (180 uit 238) van die werkgeleenthede vereis terwyl St.10 by Blankes in 64.6 persent van die werkgeleent= heid as vereiste gestel word.

Van die 7 824 werkgeleenthede vir Nie-Blankes word vir 2 247 (28.7 persent) een of ander vorm van kwalifikasie vereis. In 790 van die 2 247 (35.2 persent) word St.6 of St.7 as ver= eiste gestel.

Die rol wat ervaring ('n vorm van indiensopleiding) by die Nie-Blankes speel, spreek duidelik uit die beroepskate= gorieë Ambagsmanne en vakleerlinge en Operateurs en halfgeskool= des waar die vereiste "ander" onderskeidelik in 35.6 (281 van 790) en 12.8 (241 van 1 879) persent van die werkgeleent= hede gestel word.

## 5 GROEI IN WERKGELEENTHEDE

Werkgewers is ook ondervra aangaande die groei in werkgeleenthede by hul organisasies. In paragraaf 5.1 word gerapporteer oor die groei oor die tydperk Junie 1969 tot Junie 1970 en in paragraaf 5.2 oor die verwagte groei in werkgeleenthede vir die tydperk Junie 1970 tot Junie 1973.

### 5.1 GROEI IN WERKGELEENTHEDE JUNIE 1969 - JUNIE 1970

Al die werkgewers het hierdie inligting verstrek. In tabel 5.1 word die groei soos deur die werkgewers verstrek volgens nywerheidsgroepering aangedui.

TABEL 5.1

GROEI IN WERKGELEENTHEDE, JUNIE 1969 - JUNIE 1970 VOLGENS NYWERHEIDSGROEPERING

(a) Blank

| Nywerheidsgroepering | Werkgeleentheid 1969 | Werkgeleentheid 1970 | Toename | % Toename |
|---|---|---|---|---|
| Tekstiel en leer | 100 | 115 | 15 | 15.0 |
| Hout | 34 | 63 | 29 | 85.3 |
| Papier | - | 21 | 21 | - |
| Chemikalieë | 17 | 22 | 5 | 29.4 |
| Minerale (Nie-metaal) | 109 | 121 | 12 | 11.0 |
| Metaal | 1315 | 1793 | 478 | 36.3 |
| Ander | 2 | 2 | - | - |
| Totaal | 1577 | 2137 | 560 | 35.5 |

(b) Nie-Blank

| Nywerheidsgroepering | Werkgeleentheid 1969 | Werkgeleentheid 1970 | Toename | % Toename |
|---|---|---|---|---|
| Tekstiel en leer | 855 | 924 | 69 | 8.1 |
| Hout | 408 | 435 | 27 | 6.6 |
| Papier | - | 130 | 130 | - |
| Chemikalieë | 110 | 142 | 32 | 29.1 |
| Minerale (Nie-metaal) | 1030 | 1048 | 18 | 1.7 |
| Metaal | 3984 | 5126 | 1142 | 28.7 |
| Ander | 6 | 19 | 13 | 216.7 |
| Totaal | 6393 | 7824 | 1431 | 22.4 |

Blykens tabel 5.1 het werkgeleenthede in die tydperk Junie 1969 tot Junie 1970 met 35.5 persent vir Blankes en 22.4 persent vir Nie-Blankes toegeneem. Hierdie toename kan hoofsaaklik aan die toename in die metaalnywerheid toe=geskryf word. By Blankes maak die toename in dié nywerheid 85.4 persent en by Nie-Blankes 79.8 persent van die totale toename in werkgeleenthede uit. Die groei in werkgeleenthede vir Blankes is in die houtnywerheid (85.3 persent) en vir Nie-Blankes by die chemikalieënywerheid (29.1 persent) sowel as by "ander" (216.7 persent) hoër as die gemiddelde. In absolute getalle is dié groei egter maar klein.

## 5.2 GROEI IN WERKGELEENTHEDE 1970-1973

Nie al die werkgewers wou 'n raming waag oor die werkge=leenthede by hul ondernemings tot 1973 nie. Die gegewens

in hierdie paragraaf het dus slegs te make met daardie werknemers wat wel 'n mening wou waag. Hierdie werkgewers bied 34.2 persent van die werkgeleenthede van 1970.

### 5.2.1 Groei in werkgeleenthede volgens nywerheidsgroepering

In tabel 5.2 word die verwagte toename in werkgeleenthede soos deur die werkgewers voorsien volgens 'n nywerheidsgroepering aangedui. Vir vergelykingsdoeleindes word die werkgeleenthede wat in 1969 by dié ondernemings bestaan het, ook in die tabel opgeneem.

TABEL 5.2

WERKGELEENTHEDE IN 1969 EN VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE 1970-1973 VOLGENS NYWERHEIDSGROEPERING

| Nywerheidsgroepering | Werkgeleenthede | | | Toename | | Persentasie jaarlikse toename | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1969 | 1970 | 1973 | 1969-1970 | 1970-1973 | 1969-1970 | 1970-1973 |
| Tekstiel | 585 | 721 | 1199 | 136 | 478 | 23.2 | 22.1 |
| Hout | 404 | 407 | 555 | 3 | 148 | 0.7 | 12.1 |
| Papier | - | 151 | 207 | 151 | 56 | - | 12.4 |
| Chemikalieë | 127 | 164 | 312 | 37 | 148 | 29.1 | 30.1 |
| Minerale (Nie-metaal) | 17 | 32 | 72 | 15 | 40 | 88.2 | 41.7 |
| Metaal | 949 | 1915 | 3373 | 966 | 1458 | 101.8 | 25.4 |
| Ander | 8 | 21 | 126 | 13 | 105 | 162.5 | 166.7 |
| Totaal | 2090 | 3411 | 5844 | 1321 | 2433 | 63.2 | 23.8 |

Tabel 5.2 toon dat werkgewers wat ramings vir 1973 wou waag, van mening is dat die groei in die werkgeleenthede vir 1970-1973 oor die algemeen kleiner sal wees as wat dit 1969-1970 was. Terwyl werkgeleenthede by die werkgewers in 1969-1970 met 63.2 persent toegeneem het, is die gemiddelde geraamde groei vir 1970-1973 net 23.8 persent. In absolute getalle is die geraamde groei in die metaalnywerheid nog die grootste van die verskillende nywerheidsgroepe maar 'n taamlike groei word ook in die tekstielnywerheid verwag.

Dit wil voorkom asof die werkgewers (in lig van die groei wat wel ondervind is) nie te hoog geraam het nie. Indien dus aanvaar word dat hierdie werkgewers se raming ook vir die ander werkgewers geldig sal wees, beteken dit dat die 9 961

werkgeleenthede in die opnamegebied teen 1973 ongeveer 17 000 sal tel.

5.2.2 Groei in werkgeleenthede volgens beroepsgroepe

TABEL 5.3

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEPE 1970-1973

(a) Blank

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede 1970 | 1973 | Toename | Persentasie jaarlikse toename |
|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | 53 | 85 | 32 | 20.1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 100 | 127 | 27 | 9.0 |
| Klerklike werkers | 119 | 176 | 57 | 16.0 |
| Verkoops- en verwante werkers | 21 | 35 | 14 | 22.2 |
| Vervoerwerkers | - | - | - | - |
| Werkers in dienshoedanigheid | 3 | 3 | - | - |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 199 | 316 | 117 | 19.6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 131 | 244 | 113 | 28.7 |
| Arbeiders | 17 | 24 | 7 | 13.7 |
| Totaal | 643 | 1010 | 367 | 19.0 |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede 1970 | 1973 | Toename | Persentasie jaarlikse toename |
|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | 5 | 8 | 3 | 20.0 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 1 | - | - |
| Klerklike werkers | 78 | 108 | 30 | 12.8 |
| Verkoops- en verwante werkers | - | - | - | - |
| Vervoerwerkers | 46 | 66 | 20 | 14.5 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 30 | 32 | 2 | 2.2 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 42 | 74 | 32 | 25.4 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 369 | 892 | 523 | 47.2 |
| Arbeiders | 2197 | 3653 | 1456 | 22.1 |
| Totaal | 2768 | 4834 | 2066 | 24.9 |

Dit is opmerklik uit tabel 5.3 dat by sowel Blankes as Nie-Blankes die werkgewers verwag dat werkgeleenthede vir operateurs en halfgeskooldes die vinnigste sal toeneem. By Blankes is die persentasie 28.7 persent per jaar en by Nie-Blankes 47.2 persent per jaar. Die raming van die groei in werkgeleenthede soos deur die werkgewers voorsien in 1970-1973,

is sover die Blankes betref aanmerklik laer as die groei wat in die tydperk Junie 1969 - Junie 1970 ondervind is, naamlik 19.0 teenoor 35.5 persent (kyk tabelle 5.3 en 5.1). In die geval van Nie-Blankes is die verskil baie kleiner (24.9 teenoor 22.4). Waar hierdie groei hoofsaaklik in die kategorie operateurs en halfgeskooldes verwag word, sal daar heelwat eise aan die opleiding van Nie-Blankes gestel word.

## 6 SLOT

Hierdie studie oor die werkgeleenthede in die Rosslynse grensnywerheidsgebied moet as 'n verkenningstudie vir opnames van die werkgeleenthede in grensgebiednywerhede beskou word. Die opname het in Junie 1970 plaasgevind.

Volgens die opname was daar op daardie tydstip 9 961 werkgeleenthede waarvan 2 137 (21.5 persent) vir Blankes en 7 824 (78.5 persent) vir Nie-Blankes was. Slegs 81 poste vir Blankes (3.8 persent) en 208 poste vir Nie-Blankes (2.7 persent) was vakant. Indien in aanmerking geneem word dat werkgeleenthede in 1969-1970 met 1 991 poste (25 persent) toegeneem het, kan hierdie tekorte nie as ernstig beskou word nie. Hierdie nywerheidsgebied het dus 'n goeie bedingings=vermoë vir arbeid.

Die meeste van die werkgeleenthede (6 919 of 69.5 per=sent) het in die metaalnywerheid voorgekom waar ook die grootste groei in werkgeleenthede in 1969-1970 waarneembaar was.

Werkgewers verwag nie dat die groei in werkgeleenthede teen dieselfde tempo sal voortduur nie. Dié wat ramings wou waag, verwag dat werkgeleenthede vir Blankes tot 1973 jaarliks met 19.0 persent en vir Nie-Blankes met 24.9 persent sal toe=neem. Hierdie persentasies is hoog maar heelwat laer as die gerealiseerde 63.2 persent by hierdie groep werkgewers gedu=rende 1969-1970.

By Blankes word deurgaans een of ander kwalifikasiever=eiste gestel. In byna 50 persent van die werkgeleenthede (49.8 persent) word 'n St.8 of St.9 vereis. Vir die meeste

van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes word geen kwalifikasievereiste gestel nie (71.3 persent). Waar wel kwalifikasievereistes gestel word, word in die meeste gevalle 'n St.6 of St.7 vereis (790 uit 2 247). Hierdie vereiste word hoofsaaklik by ambagsmanne, vakleerlinge, operateurs en halfgeskoolde werkers gestel (614 van 790) (Daar dien op gelet te word dat die indiensopleiding wat ambagsmanne moet ondergaan nie in die bepaling van kwalifikasievereistes in aanmerking geneem is nie). Werkgewers is skynbaar van mening dat hierdie kwalifikasie die opleiding wat die Bantoe by die spesifieke organisasie in die genoemde beroepskategorie moet ondergaan, vergemaklik. Dat die vereiste gestel kan word, toon dat die skoolstelsel van die Nie-Blankes reeds werkers met hierdie kwalifikasies lewer.

RAAD VIR GEESTESWETEN-
SKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
-5-7-1971
LIBRARY
HUMAN SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN
BIBLIOTEEK
HSRC
LIBRARY